

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 25

In die sewe en dertigste jaar van die ballingskap van koning Jojagin van Juda […] het Ewil-Merodak, wat pas koning van Babel geword het, vir koning Jojagin van Juda uit die gevangenis vrygelaat. (vers 27)

Wat ’n troostelose einde van die eens roemryke stad! ’n Mens

kan dit nie sonder ’n diepe pyn in jou hart lees nie. Uiteindelik was daar niks oor van die stad of die mense van Juda nie. Die laaste mense van aansien het Egipte toe gevlug. Daar was niemand oor om die land te bewaar vir die toekoms nie.
Al die simbole van Jahwe se teenwoordigheid is weggevat Babel toe: die tempelgereedskap, die koning, die leiers, die priesters. God se oordeel het daarvoor gesorg.
Tog kan ’n mens steeds op Jahwe bly hoop. Daarom sluit die boek af met die berig dat Jojagin uit die tronk vrygelaat is. Sy ballingskap is nie beëindig nie, maar tog verteenwoordig hy die belofte van God aan Dawid. Sy naam duik later in die Bybel weer op waar hy gelys word as een van die voorsate van die Here Jesus (Matt 1:12).
Hoop lê nie in ’n land of stad of ’n tempel nie, maar in die lewende God wat met ons besig bly.

Naskrif: Môre begin ons DV met die boek Amos.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 24

> *Die toorn van die Here was op Jerusalem en Juda; Hy wou hulle wegvee uit sy teenwoordigheid uit. (vers 20)*

Die uiteinde van die Koninkryk van Juda kom al ’n hele ent aan. Met koning Josia was daar nog ’n sprankie hoop, maar die laaste paar konings was die een so hopeloos soos die ander. Oor en oor herhaal die skrywer dit dat die Here se geduld op was met sy volk (vgl vers 3 en vers 20).
Dat God onverdeelde trou van ons eis, staan al in Eks 20:5. Hoe die Judeërs dít nie verstaan het nie, gaan ’n mens se verstand te bowe. Maar dit is hoe sonde werk. Dit vernietig jou gesonde oordeel, soos Adam en Eva al moes leer. Jy wéét dis verkeerd, maar tog doen jy dit.
Dit bly ’n misterie dat ons só is: koppig, eiewys, hardhorend, traag om die regte ding te doen, dwars. Ons vlug van God af weg. En ons is só diep vasgevang in hierdie bose kringloop van ongehoorsaamheid en mislukking dat daar géén uitkomkans is nie. Ons is verlore.
En tog het God die wêreld só lief dat Hy sy Seun gestuur het. Ook vir jou. Daarvoor kan ons nooit genoeg dankie sê nie. Doen dit sommer nou.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 23

Koning Josia het aan die hoëpriester Gilkija, aan die priesters net onder hom en aan die drumpelwagte opdrag gegee om uit die tempel van die Here al die goed te bring wat vir Baäl en Asjera en al die hemelliggame gemaak is. (vers 4)

Hoe verder ’n mens lees, hoe meer kom jy onder die indruk van die totale verval van die godsdiens. Daar was haas nie ’n enkele deel van die land wat nié deur en deur verrot was nie (amper soos dit deesdae in ons land gaan!). En ten spyte van Josia se beste pogings kon hy nie die godsdienste en sedelike verval keer nie, soos duidelik word uit die optrede van die konings wat ná hom gekom het. Daarom het God se oordeel oor die Judeërs vas bly staan (vers 26-27).
As ’n mens jou eers oorgee aan die ongeloof, is dit ’n afgrond waarin jy stort wat jou al dieper intrek. Daarom lees jy die laaste tyd al hoe meer van teoloë wat sê hulle is nou post-Christelik; hulle is verby die Christelike geloof en klaar met Christus. Dit is ’n bodemlose put waaruit daar skynbaar nie gekom kan word nie.
Net God kan dit doen deur Jesus Christus die Here (vgl. Rom 7:24).



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 22

Die hoëpriester Gilkija sê toe vir die staatsekretaris Safan: "Ek het die wetboek in die huis van die Here gekry." (vers 8)

'n Mens kan jou dit byna nie voorstel nie: die wetboek van die Here was in totale onbruik en vergete. Hoe gebéúr so iets? Hoe het dit gekom dat die priesters, wat daagliks diens doen in die tempel, nooit daaroor gewonder het nie?
Ons hoef egter nie te dink dat so-iets net in die Ou Testamentiese tye gebeur het nie. Vandag nog is dit so dat die Bybel in baie huise toe lê en stof vergaar, en dat die volgende geslag dan geen erg aan die Bybel het nie. Dit is die hartverskeurende realiteit van die kerk se jongmense. Hulle ken nie die Bybel nie en weet nie hoe om dit te gebruik nie.
Die Here het destyds by monde van die profeet Hosea gesê (Hos 4:6, 2020-vertaling): "My volk kom om weens 'n gebrek aan kennis. Omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp …"
Dit help nie om maar net ons koppe daaroor te skud nie. Die antwoord lê daarin dat ons die mense wat die Here aan ons toevertrou het, weer opgewonde maak oor die Bybel deur sélf entoesiastiese Bybellesers te wees.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 21

Ek gaan Jerusalem met dieselfde maat meet as dié waarmee Ek Samaria en die koningshuis van Agab gemeet het; Ek gaan Jerusalem skoonvee soos ’n mens ’n skottel skoonvee en dan omkeer. (vers 13)

Die algemene opvatting destyds was dat ’n volk ’n oorlog verloor omdat die ander volk se god of gode sterker is. Daarom het baie Jode gedink hulle is deur Babel vermorsel omdat Marduk, die god van Babel, sterker is as Jahwe, die God van Juda.
Om dié vals siening te weerlê, vertel die skrywer dat die Here die mense van Juda by monde van sy profete gewaarsku het dat hulle met vuur speel, en dat Hy hulle swaar gaan straf omdat hulle ontrou aan Hom geword het. Niemand moes onder die wanindruk verkeer dat Jahwe te swak was om sy volk teen Babel te beskerm nie.
Die waarskuwings van die profete oor baie jare was uiteindelik die rede hoekom die Jode, ondanks alles, hulle geloof in God behou het. Hulle kon maklik geredeneer het dat God hulle vergeet het en Hom die skuld vir hulle ellende gegee het, maar danksy die profete het hulle in Babel die oorsaak in hulleself gesoek.
’n Boodskapper van God wat net altyd “mooi” boodskappe bring, help uiteindelik niemand nie.



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke

Hoofstuk van die dag: 2 Konings 20

> *“Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë.” Hiskia het bitterlik gehuil. (vers 3)*

Mense sê dikwels, as jou strepie getrek is, is dit getrek. So al asof ons lewensverloop in sement gegiet is en daar niks aan te doen is nie. Dan lyk God se beskikking baie na ’n strakke noodlot, onbeweeglik en onveranderlik.
Die verhaal van koning Hiskia vertel egter ’n ander storie. Die profeet Jesaja bring vir hom die tyding dat sy siekte terminaal is en dat hy sy testament in orde moet kry, maar hy wil dit nie aanvaar nie. Hy draai in gebed na die Here en pleit om nog tyd. En nog voor Jesaja baie ver is, stuur die Here hom terug met die boodskap dat God sy gebed verhoor het en Hiskia se lewe met nog vyftien jaar verleng gaan word.
God se beskikking in ons lewens is nie só dat jy maar jou lot moet aanvaar, want wat sal gebeur, sal gebeur nie. God se beskikking is dinamies. Dit kan verander. Ons dien ’n lewende, liefdevolle Vader wat ag slaan op ons diepste begeertes.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026